

13. Bybelmedia, Bybelvertaling en Bybelverspreiding

13.1 Rapport Deputate Bybel (Artt 24, 25, 179)

- A. Br HL Dekker lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
- C. **Besluit:** Finansiële sake word verwys na Kommissie Finansies.
- D. Br HL Dekker rig 'n woord aan die Sinode namens die Bybelgenootskap van SA.
- E. Ds AP Kruger bedank br HL Dekker vir sy optrede en sy werk in die Bybelgenootskap.
- F. Ds J van Schaik rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
- G. Die Voorsitter bedank ds JGL van der Walt en sr I Senekal vir hulle betrokkenheid by die vertaling van die Bybel vir dowes.

H. RAPPORT

1. Opdrag

1.1 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

- 1.1.1 Die opdrag van die Deputate Bybel het op Bybelverspreiding, Bybelmedia en Bybelvertaling betrekking.

Besluit: Kennis geneem.

2. BYBELVERSPREIDING

2.1 *Opdrag (Acta 2006:123, 7.1.2.1 en 7.1.2.2)*

- 2.1.1 Hou fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap in Suid-Afrika in stand.

2.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

2.2.1 Fondsinsameling

- 2.2.1.1 Die werksaamhede van die skakeldeputaat, mnr Hennie Dekker, behels onder andere dat hy op Sondae ná eredienste by gemeentes optree en Power Point-aanbiedings doen oor die werksaamhede van die Bybelgenootskap. Tydens hierdie optredes is besondere aandag gegee aan spesiale projekte van die BSA ten opsigte van Bybelverspreiding, Bybelvertaling, ens.
- 2.2.1.2 Maandelikse besoeke aan gemeentes vorm die basis van kontak met predikante, Kerkrade, Sustersverenigings, Bybelstudiegroepe, Seniorlidmate en Jeuggroepe. Kerkrade is aangemoedig om volgens die goedgekeurde riglyn van R23 per belydende lidmaat per jaar by te dra vir Bybelverspreiding.
- 2.2.1.3 Aan Klassisse is verslag gedoen oor bydraes van gemeentes. Die tydperk waarvoor verslag gedoen word is altyd van die vorige jaar (Januarie tot Desember). Aan die begin van elke jaar ontvang elke gemeente ook 'n uiteensetting van inbetalings gedurende die vorige jaar. Op hierdie wyse kan elke gemeente sy oorbetalings vir Bybelverspreiding kontroleer.
- 2.2.1.4 Bydraes van gemeentes en individue het die afgelope 3 jaar met tussen 10 en 13 persent gegroei. Voorwaar seën uit die Here se hand:

Jaar geëindig 31 Oktober	Bedrag	Gemiddeld per Belydende lidmaat
2003	855 198	11.60
2004	1 013 535	14.08
2005	1 022 614	14.66
2006	1 168 485	16.85
2007	1 332 117	19.64

2.2.1.5 Gedurende die afgelope jaar het die Comradesmarathon, wat deur baie gelowiges gebruik word as geleentheid om fondse vir Bybelverspreiding in te samel, na 'n Sondag verskuif. Dit het wye reaksie uitgelok en die BSA het in die spervuur beland. Die saak is in die pers rapporteer en verskeie lidmate het hulle ontevredenheid met die toedrag van sake teenoor die BSA geopper. Die Hoofsekretaris, ds Gerrit Kritzinger het die BSA se standpunt hieroor in 'n brief gestel. Na aanleiding hiervan het die BSA die *Hardloop vir Bybels*-projek uitgebrei na alle marathonne wat deur die loop van die jaar aangebied word.

2.2.2 Skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

2.2.2.1 Mnr Dekker dien op alle vlakke as skakel met die BSA. Gedurende 2007 is hy ook aangestel as die Streekhoof vir Noordwesprovinsie. In hierdie hoedanigheid as Streekhoof het hy ook toegang tot hoër vlak vergaderings binne die BSA en het stemreg op die Nasionale Raad vergadering. Die Noordwes streek is een van 5 nuwe streke wat daar gestel is met die doel om "nader aan die mense te beweeg" en ook om "Bybels tot by die verste uithoeke van die platteland te versprei". Dit het ook meegebring dat Streekrade vir die nuwe streke in die Noord-Kaap, Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes Provinsies tot stand moes kom. Die Streeksinodes in die streke is ook versoek om kerklike afgevaardigdes aan te wys vir die nuwe Streekrade waarop hulle sal dien om so inspraak te hê namens die kerke in daardie streke. Streeksinodes het gunstig reageer en Deputate is aangewys om op die Streekrade te dien.

2.2.2.2 In al die Streekrade speel Gereformeerdes 'n belangrike rol. In die Wes-Kaap en Noordwes provinsies byvoorbeeld, is ds Rodney van Wyk en prof Rantsoa Letsoša as Voorsitters aangewys. Dit beteken dat die broeders, saam met die Voorsitters van die ander Streekrade, op die Nasionale Raad dien. Die Raad is die hoogste gesagsliggaam van die BSA. Gedurende die Nasionale Raad vergadering van November 2007 is ds Van Wyk en prof Letsosa aangewys as lede van die Bestuurskomitee waar hulle op hoogste vlak besluite neem rakende die bedryfs- en finansiële sake van die BSA.

2.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

2.3.1 Die Sinode stel die riglyn vir bydraes vir Bybelverspreiding vas op R25 per belydende lidmaat vir 2009. Die Skakeldeputaat sal die riglyn aan kerke deurgee. Die riglyn sal jaarliks verhoog word volgens die besluit van die Sinode (Acta 2006, 119, 3.2.2)

2.3.2 Die Sinode spreek sy gelukwense teenoor ds Rodney van Wyk en prof Rantsoa Letsoša uit met hulle verkiesing op die ***Uitvoerende Komitee*** van die BSA.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.2.

3. BYBELMEDIA

3.1 *Opdrag (Acta 2006:123, 7.1.1.1 en 7.1.1.2)*

3.1.1 Hou skakeling met Bybelmedia en benoem kundige persone op ad hoc basis, indien Bybelmedia van adviespanele in die keuring van manuskripte gebruik maak.

3.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

3.2.1 Ds BR Kingma (Bellville-Oos) is aangewys om met Bybelmedia te skakel.

3.2.2 Geen noemenswaardige skakeling met Bybelmedia het gedurende die afgelope termyn plaasgevind nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.2.2.

3.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

3.3.1 Dat die Sinode nie weer 'n Deputaat vir skakeling met Bybelmedia aanwys nie.

3.3.2 Dat Bybelmedia die Deputate Bybel kontak indien kundiges benodig word om op adviespanele vir keuring van manuskripte te dien.

Besluit: Goedgekeur.

4. BYBELVERTALING

4.1 *Opdrag (Acta 2006:123-124)*

- 4.1.1 Benoem persone op die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap.
- 4.1.2 Verleen samewerking in alle sake wat verband hou met die “Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel”.
- 4.1.3 Die opdrag van Sinode 2000 word gekontinueer t.o.v. die Godsname (vgl 6.3.2.5) JHWH en Adonai in die Ou Testament en moet deurlopende aandag geniet.

Besluit: Kennis geneem van 4.1.1 tot 4.1.3.

4.2 *Sake waarvan die Sinode moet kennis neem*

4.2.1 Afrikaanse Bybelvertaling vir Dowes

- 4.2.1.1 Die Deputate het ds JGL van der Walt (Worcester) en sr I Senekal benoem om op die Keurkomitee te dien.
- 4.2.1.2 Ds Van der Walt doen met blydschap verslag dat die hele proses van vertaling, druk en verspreiding van die Bybel vir Dowes voltooi is en die Bybel is in Februarie 2008 landswyd vrygestel. Die Bybel word goed ontvang deur die dowe gemeenskap. Wat die Bybel uniek maak, is dat dit slegs die tweede vertaling vir Dowes in die wêreld is. Die Bybel is ook geskik vir horendes. Veral kinders behoort aanklank te vind by die eenvoudige woordgebruik asook die 17 000 voetnote wat baie begrippe mooi verduidelik.

4.2.2 Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap

- 4.2.2.1 Die volgende persone is op die Interkerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling van die Bybelgenootskap van SA uit die geleedere van die GKSA benoem: Proff GJC Jordaan (sameroeper), HF van Rooy, JJ Janse van Rensburg, PP Kruger, HJM van Deventer (skakeldeputaat), dr AJ Kruger (sekundus – OT) en prof FP Viljoen (sekundus – NT). Die betrokke persone en die Bybelgenootskap is van hierdie benoemings in kennis gestel.
- 4.2.2.2 Die benoemdes (of sekundi) het sedert Sinode 2006 by die volgende geleenthede saam met die Kerklike Advieskomitee vergader: 23 Oktober 2006 (jaarlikse vergadering), 22 Oktober 2007 (jaarlikse vergadering). Hierbenewens woon die benoemdes saam met ander persone wat benoem is as medewerkers aan ’n volgende Afrikaanse vertaling van die Bybel opleidingsgeleenthede in hierdie verband gedurende 2006 en 2007 by.
- 4.2.2.3 Tydens die vergadering van 23 Oktober 2006 is veral aandag gegee aan sake wat verband hou met die volgende Afrikaanse Bybelvertalingsprojek. ’n Begeleidingskomitee onder voorsitterskap van prof HJB Combrink staan aan die stuur van die projek. Verslag is gedoen oor opleidingseminare wat gedurende 2006 aangebied is, asook die werkboek waarvolgens die onderskeie boekspanne die vertaling sal aanpak. Tydens Sinode 2006 is verslag gedoen oor die spesifieke vertaalopdrag waarop ooreengekom is en wat in die genoemde werkboek in meer besonderhede uiteengesit word (vgl Acta 2006:122).
- 4.2.2.4 Tydens die vergadering van 22 Oktober 2007 is terugvoer gegee van ’n ontmoeting wat die Begeleidingskomitee gehad het met dr Jaap van Dorp van die Nederlandse Bybelgenootskap en aanpassings wat na aanleiding daarvan gemaak is in die proses. Daar is onder andere besluit om Eksegetiese Koördineerders aan te stel om te help om die proses te bestuur. Verslag word ook gedoen insake verdere opleidingseminare wat tydens 2007 aangebied is en dat kerke gedurende 2007 ingelig is aangaande die verdere vertaling. Die belang van kerklike konsultante vir die proses is ook herbevestig.
- 4.2.2.5 Die Deputate Bybel van die GKSA het in verband met die benoeming van kerklike konsultante ’n brief van die begeleidingskomitee ontvang (Maart 2008) waarin gevra is dat ’n beperkte getal konsultante uit die GKSA aangewys word. Die Deputate het besluit om ’n stedelike gemeente, ’n plattelandse gemeente, asook ander belanghebbende persone, hierby te betrek.

- 4.2.2.6 Die saak rakende die vertaling van Godsname in die Afrikaanse vertaling van die Bybel is nog nie afgehandel nie. Verskillende moontlikhede word op hierdie stadium oorweeg. Insae wat die Deputate gehad het in reeds vertaalde werk wat aan kerklike konsultante voorgelê gaan word, dui daarop dat ortografiese onderskeid (bv HERE vir die Verbondsnaam, soos in die 1933-vertaling) beslis een van hierdie moontlikhede is.

Besluit: Kennis geneem van 4.2.1 tot 4.2.2.6.

4.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

4.3.1 Afrikaanse Bybel vir Doves

- 4.3.1.1 Die Sinode keur die benoeming van ds JGL van der Walt en sr I Senekal op die Keurkomitee van die Afrikaanse Bybel vir Doves goed.
- 4.3.1.2 Die Sinode neem met waardering kennis van die werk van ds Van der Walt en sr Senekal in hierdie verband gedoen het.
- 4.3.1.3 Die Sinode wens die Bybelgenootskap en alle medewerkers aan die projek hartlik geluk met die afhandeling van hierdie werk en vertrou dat dit tot groot seën in die koninkryk sal wees.

4.3.2 Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap

- 4.3.2.1 Die Sinode keur die benoeming van Proff GJC Jordaan (sameroeper), HF van Rooy, JJ Janse van Rensburg, PP Kruger, HJM van Deventer, FP Viljoen (sekundus – NT), dr AJ Kruger (sekundus – OT) op die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling goed.
- 4.3.2.2 Die Sinode neem met dank kennis van die vordering met die projek vir die daarstel van 'n brontaalgeoriënteerde Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel. Die Bybelgenootskap en alle betrokkenes word die Here se seën toegebied vir die afhandeling van die projek.
- 4.3.2.3 Die Sinode neem met dank kennis van die deelname en insette van die gemeentes en persone uit die geleedere van die GKSA wat op verskeie maniere betrokke is by die Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel.
- 4.3.2.4 Die Sinode keur die aanwysing van kerklike konsultante uit die geleedere van die GKSA met die oog op die Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel goed.
- 4.3.2.5 Die Sinode kontinueer die opdrag m.b.t. die vertaling van die Godsname JHWH en Adonai in die Ou Testament (Acta, 2006:124, 6.3.2.5 en 7.1.3.3).

Besluit: Punt 4.3.1 tot 4.3.2.5 word goedgekeur.

5. Aanbevelings

5.1 Benoem weer Deputate met die volgende opdragte:

5.1.1 *Bybelmedia*

- 5.1.1.1 Benoem kundige persone op ad hoc basis, indien Bybelmedia van adviespanele gebruik maak in die keuring van manuskripte.

5.1.2 *Bybelverspreiding*

- 5.1.2.1 Hou fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap in Suid-Afrika in stand.
- 5.1.2.2 Voorsien die kerke jaarliks van die riglyn vir bydraes ten opsigte van Bybelverspreiding

5.1.3 *Bybelvertaling*

- 5.1.3.1 Benoem persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap.
- 5.1.3.2 Verleen samewerking in alle sake wat verband hou met die Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel.
- 5.1.3.3 Die opdrag van die Sinode 2000 word gekontinueer t.o.v. die Godsname (vgl 6.3.2.5) *JHWH* en *Adonai* in die Ou Testament en moet deurlopende aandag geniet (Acta, 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4).

Besluit: Punt 5.1 tot 5.1.3.3 word goedgekeur.

I. AANVULLENDE RAPPORT

1. BYBELVERSPREIDING

1.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- 1.1.1 Fondsinsameling vir Bybelverspreiding (boekjaar geëindig 31 Oktober 2008). Die volgende bedrag is ontvang vanuit die kerkverband: **R1 528 306.73**.
- 1.1.2 'n Gedeelte van dié bedrag word opgemaak deur *Besighede* – R9 300 en *individue* wat op eie inisiatief bydraes gee: R204 856.
- 1.1.3 Die bydraeverslag van Kerke moet dus per aantal lidmate bereken word tov die bedrag wat die gemeentes self ingesamel het dmv lidmate, susters en kerkisante gesamentlik nl R1 081 904. Dit gee 'n gemiddeld van R15.41 per Belydende lidmaat. Indien die totale bedrag deur die verskillend elemente in die Kerkverband bygedra geneem word is die gemiddeld: R21.76.
- 1.1.4 Die Deputate beveel ook aan dat daar 'n geleentheid geskep word vir die Skakeldeputaat – Bybel, mnr Hennie Dekker (voltyds by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika) om die Sinode kortliks in te lig oor belangrike verwickelinge by die Genootskap, veral tov die nuwe toeganklikheid tot die Woord wat die Kerk in sy werk (Bybelverspreiding) as hulpmiddele kan gebruik.

Besluit: Kennis geneem van 1.1.1 tot 1.1.4.

1.2 BYBELVERTALING

1.2.1 Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

1.2.1.1 Afrikaanse Bybelvertaling vir Dowes

- 1.2.1.1.1 Alhoewel die projek afgehandel is, het die groot belangstelling in hierdie vertaling daartoe gelei dat hierdie vertaling in vereenvoudigde Afrikaans uit die oorspronklike tale deur die Bybelgenootskap ook beskikbaar gestel is as Die Bybel vir Almal. Dit is spesifiek gerig op jonger lesers.

1.2.1.2 Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap

- 1.2.1.2.1 Die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek is nou voluit aan die gang en eerste proefvertalings van korter gedeeltes is aan kerklike lesers uitgestuur vir insette. Tydens die vergadering gehou op 3 November 2008 is 'n beroep gedoen dat kerke veral jonger lesers betrek by die lees van die proefvertalings met die oog op hulle insette. Baie insette is reeds ontvang van ouer lesers. Die Bybelgenootskap werk tans aan 'n webblad waarop inligting van die projek sal verskyn.
- 1.2.1.2.2 Tydens die vergadering is ook verslag gedoen oor die huidige stand van die projek. Die teiken dat die eerste hoofstukke van alle Bybelboeke voor einde September 2008 deur die eerste twee van die vier fases van die vertalingsproses sal wees, kon nie bereik word nie.
- 1.2.1.2.3 Die volgende persoon uit die geledere van die GKSA is as Addisionele Lid op die Dagbestuur van die Interkerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling van die Bybelgenootskap van SA verkies: Prof HJM van Deventer.

1.2.1.3 Begroting vir Bybelvertalingsprojek

- 1.2.1.3.1 Die brontaal-georiënteerde vertaling is op versoek van die GKSA onderneem en professore verbonde aan die TSP en NWU werk aktief daaraan mee.
- 1.2.1.3.2 Die professore wat as vertalers by die vertaalprojek betrokke is, is dikwels heeltyds met die vertaalwerk besig. Dit bring mee dat tydelike aflospersoneel van hulle verpligtinge by die TSP en NWU moet oorneem. Hierdie aflospersoneel moet vir hulle dienste vergoed word.

Besluit: Kennis geneem van 1.2.1.1 tot 1.2.1.3.2.

1.2.2 Sake waaroor die Sinode moet besluit

- 1.2.2.1 Dat daar begroot word vir aflospersoneel in die plek van professore wat betrokke is by die nuwe brontaal-georiënteerde Bybelvertaling. *Motivering:* Kyk 1.1.3.

Besluit: Goedgekeur en verwys na Finansiële Kommissie.

Besluit: Goedgekeur. Die bedrae vir die volgende drie jaar is: 2009: R63 560; 2010: R49 450 (plus inflasiekoers); 2011: R23 000 (plus inflasiekoers).